DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

9/2025

20 Maart 2025

## LIEWE MENLO

Elke eerste kwartaal is 'n nuwe begin. 'n Skitterwit skilderdoek waarop die jaar se verhaal gestalte vind. In ons hande is daar 'n kleurryke palet wat dag na dag in mosaïekspatsels gerangskik word om die verloop van tyd as 'n tapisserie van gebeure en emosie uit te beeld.

Op Menlo-bodem werk die kunstenaars in tandem aan 'n meesterstuk om die spertyd aan die einde van die jaar te haal en daarom is dit nou die ideale tyd om die kwaste vir 'n oomblik in die water te week en terug te staan, die buitelyne van 'n afstand te bewonder en elke kunstenaar se rol in oënskou te neem.

Menlo verwelkom jaarliks 'n nuwe span gr. 8-skilders, onervare en nat agter die ore. Kyk 'n mens fyn neem jy 'n paar onreëlmatige strepe waar – byna soos die beeld van 'n onrustige hartklop op 'n monitor – maar mettertyd kry die lyne rigting en vul dit die oop ruimtes met fassinerende vorms. Hier is ook bedrewe onderwyserkunstenaars. Sommige van hulle hou die uitveërs byderhand om onstuimige lyne te temper, party gee onderrig in die gebruik van nuwe tegnieke en ander inspireer met hulle kreatiwiteit.

Die kurators werk in die agtergrond. Menlo-mense wat vir die doek en esel sorg. Menlo-mense wat die kunswerk agter die skerms redigeer, mense wat verseker dat die handeling tussen kreatiwiteit, kunsmateriaal en atmosfeer tot 'n meesterstuk verwerk word.


Die jaar staan in sy kinderskoene en Menlo se 2025-meesterstuk is nog 'n hersenskim. Daar is helder strepe – matriekuitslae, interhoër, die afskop van die wintersportseisoen – en golwe van blou. Daar is 'n reënboog van kleur en selfs 'n eggo of twee. Daar is teksture van weer probeer en skakerings van deelname, maar die leidrade op ons prent word deur 'n goue draad van omgee en vasberadenheid verbind.

Meesterstukke verg geduld en daarom vertrou ons die tydsame wisselspel tussen waagmoed, beoordeling en weer begin. Ons tel die kwaste na die langnaweek weer op om die kwartaal met rustigheid af te rond.


Insig 9 is 'n refleksie van die week se hoogtepunte: Ons atlete lewer 'n medalje-oes van veertig by die AGN-kampioenskap op. Ongeëwenaar. Die gholfspan is op pad na die nasionale hoërskoolkampioenskap. Hulle gee nie voor om gholf te speel nie – hulle kan! Menlo se hokkiespelers het die naweek in Bloemfontein deurgebring waar 'n belangrike les geleer is: Grys en oranje is sekondêre kleure. Drie matriekseuns maak geskiedenis by die eerste aqualibriumkompetisie. Lees gerus meer hieroor (onder Akademie) as jy ook nie weet wat aqualibrium is nie.

Geniet die langnaweek!









MENLO MA'S WAT
# OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Teks: Jesaja 42:21**
"Die Here het vreugde daaraan om getrou te wees, Hy laat sy woord roem en eer ontvang."

# DAGBOEK

**21/3**
Menseregtedag
Debat: ATKV-uitdunronde (AHS) – 22/3
Wintersport: NWU-skolesportreeks semifinaal (Hoërskool Kempton Park) – 22/3

**24/3**
Redenaars: Van Huyssteens Oratorsfees (Finaal en gala-aand)

**25/3**
Tennis: Junior dogtersliga
Dogtershokkie: Eldoraigne (tuis)
Gr. 8: Inmenlokonsert-kleedrepetisie (Saal, 18:00 – 20:00)

**26/3**
Tennis: Senior dogtersliga

**27/3**
**Skool sluit om 14:00.**

# ALGEMEEN

## Veiligheid eerste

Van Sixt60 tot Wanatu. Daar is deesdae allerhande vernuftige diensverskaffers wat interessante dienste lewer.

In die omgewing van die skool is daar (buiten Sixty60 en Wanatu) ondernemings wat pendeldienste lewer. Sommige van hierdie bussies vertoon die naam, "Menlo." Hierdie bussies behoort egter nie aan die skool nie en is nie op enige manier aan die skool gekoppel nie.

Ouers en Menloparkers sal die skool se bussies duidelik aan ons handelsmerk herken en indien daar ooit twyfel is, kan die QR-kode agterop die bussies geskandeer word om uit te vind wie die drywer is en of die bussie aan die skool behoort.

Volg gerus die skakel om meer oor Menlo se vloot te wete te kom.






# Die skool benodig u hulp







Die skool rig graag 'n versoek aan elke ouer om te verseker dat u huishouding se MySchool-kaart aan Die Hoërskool Menlopark gekoppel is. Dit neem slegs 'n paar minute om u besonderhede by MySchool te verander, maar die fondse wat so geïn word, maak 'n permanente verskil.

**Die Insig het selfs vertroulik van die hoof verneem dat die graad met die meeste MySchool-kaarte binnekort 'n verrassing te wagte kan wees.**

MySchool en Boost Procurement is beide inisiatiewe waar ouers fondse vir die skool kan insamel sonder dat dit hulle enigiets kos.

**MySchool**

Volg die skakel na MySchool se webblad. Skakel gerus die volgende nommer indien u enige probleem ondervind: 0860 100 445.

**Boost**

Volg die skakel en kies "Parents join here."

Menlo is ***MySchool***...

Swaai asb. u kaart en ***Boost*** ons inkomste.

**#amfidak**

MySchool
MyVillage
MyPlanet

## VAKATURE

### Akademiehoof: Krieket

Die geskikte kandidate moet aan die volgende minimum vereistes voldoen:

- Uitnemende bestuurs- en organisatoriese vaardighede.
- Bewese ervaring in 'n leierskapsposisie.
- Vlak 3-afrigter sal as sterk aanbeveling dien.
- Minimum 5 jaar ondervinding as eerstespanafrigter met provinsiale blootstelling en -verteenwoordiging.
- Finansiële en administratiewe vaardighede.
- Goeie menseverhoudings en uitstekende kommunikasievaardighede.
- Ervaring in opvoedings- of skoolomgewing sal as aanbeveling dien.
- Ondervinding in die bevordering van spelerontwikkeling.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

**MENLO**
**Krieket**

Stuur 'n volledige CV na
hoof@menlopark.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 4 April 2025**

**Word deel van die Menlo-ritme en die Menlo-lewe!**

menlopark.co.za AbsolutMenlo

# AKADEMIE






## Menlo wen ingenieurskompetisie

Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Siviele Ingenieurswese (SAICE) het leerders se vernuf en wetenskaplike kreatiwiteit vanjaar met 'n aqualibriumkompetisie op die proef gestel.

Die doel van die kompetisie is om deelnemers van waterbewaring en -voorsiening te leer en 'n praktiese ervaring te bied van wat siviele ingenieurswese voorstel.

Spanne moes 'n waterverspreidingsnetwerk ontwerp om 'n sekere hoeveelheid water eweredig tussen drie punte te versprei.

Die eerste bakkie water word geweeg en as 'n verwysingspunt gebruik.

Die ander twee bakkies word ook geweeg en die afwyking is die punte waarmee die groep gepenaliseer word.

Met 'n minimale afwyking van slegs 62 gram (of punte), is die Menlo-trio, Willbert van Sittert, Shane Grant en Bernard Conradie as die wenners aangewys.

Welgedaan!

# GHOLF



## Menlo-gholf tel onder SA se beste

Jean le Roux, Heino Oellermann, Christoff Posthumus en Schalk van Ettinger het vandeesweek verseker dat Die Hoërskool Menlopark by vanjaar se nasionale hoërskoolkampioenskap in aksie sal wees.

Baie geluk aan die viertal en hulle afrigter, mnr. Nico van Eeden.

Daar is geen twyfel by Die Insig dat hierdie manne die knoop vanjaar sal deurhak nie.

#gaanvirgoud



ATLETIEK

# Menlo-uitslae by AGN-kampioenskap is die beste nóg

Raai waarheen die volgende koördinate jou neem? Een Afrika-rekord, drie ASA-rekords en twaalf AGN-rekords. Voeg daarby sewentien goue medaljes, veertien silwer en nege brons medaljes. Wanneer hierdie data in 'n GPS-toestel ingesleutel word, sal dit jou reguit na Menlo se blou tartan lei, want dit is waar die land se beste skoleatlete hulleself bevind.

Die Menlo-atlete was verlede naweek, by die AGN-kampioenskap op Pildich, eenvoudig in 'n klas van hulle eie. Baie geluk aan die atlete en afrigters onder leiding van mnr. JJ Smith en me. Lelanie van Wyk.







Hier volg die uitslae:

AGN-rekords

| | | |
|---|---|---|
| Megan Nieman | 100 m-hekkies (AGN-, ASA- en Afrika-rekord) | 400 m-hekkies (AGN-rekord) |
| Janelle Kirkpatrick | 90 m-hekkies (AGN- en ASA-rekord) | 300 m-hekkies (AGN-rekord) |
| Juané Jordaan | 100 m | |
| Jaco van Dyk | Gewigstoot | |
| Leon Stoltz | 2 000 m-hindernis | |
| Isabella vd Merwe | 1 500 m-hindernis | |
| Zanta Lourens | 1 500 m-hindernis | |
| Chirsté Loedolff | Diskus | |
| Anneke Steynberg | 1 500 m-hindernis | |
| Michael Shanzi | 400 m (AGN- en ASA-rekord) | |

Goud

Michael Shanzi (x 2) Janelle Kirkpatrick (x 2), Daniélla Fourie (x 2), Juané Jordaan, Megan Nieman, Jaco van Dyk (x 2), Leon Stoltz, Isabella van der Merwe, Mia Botha, Joshua Gerber, Amelie Bodenstein & Taelyn Smith.

Silwer

Juané Jordaan, Chirsté Loedolff, Megan Nieman, Shiloh Snijders, Merlé Janse van Rensburg (x 2), Zanta Lourens, Anri Bisschoff, Ruvé van der Ende, Roelof Liebenberg, Nicolas Nieman, Erik Senekal, Callum Wessels & Ivanka Hanekom.

Brons

Ashlynn Nel (x 2), Ivanka Hanekom, Llewellyn van Heerden, Anneke Steynberg, Sunelle Burger, Chris Swanepoel, Shiloh Snijders & Erik Senekal.

HOKKIE

# Menlo-hokkie bult spiere in Bloemfontein

Die room van skolehokkie in Suid-Afrika was vir die afgelope jare hoofsaaklik in Bloemfontein gesetel. Kyk ’n mens na die tellings hier onder sal dit nie meer vir lank die geval wees nie.

Hier volg die uitslae.

### Menlo-dogters vs. Oranje Meisieskool en Eunice

| | |
|---|---|
| O. 14A | 0-1 & 0-1 |
| O. 15A | 0-3 & 4-1 |
| O. 16A | 3-2 & 2-2 |
| O. 18A | 1-3 & 1-0 |

### Menlo-seuns vs. Grey en St Andrews

| | |
|---|---|
| O. 14A | 1-1 & 0-1 |
| O. 14B | 0-7 & 2-3 |
| O. 16A | 1-5 & 1-1 |
| O. 16B | 0-7 & 0-1 |
| O. 18A | 1-3 & 1-1 |
| O. 18B | 0-5 & 0-1 |

### Feestoernooi

| | |
|---|---|
| O.14B | 0-2 vs. AHMP<br>0-1 vs. AHMP (o. 14C) |
| O. 14C | 0-0 vs. Midstream<br>0-1 vs Zwartkop |
| O. 15B | 0-2 vs. Garsfontein<br>0-1 vs. AHMP (o. 16B)<br>0-0 vs. Garsfontein (o. 16B) |
| O. 15C | 0-0 vs. AHMP<br>0-0 vs. Zwartkop<br>0-0 vs. Midstream |
| O. 16B | 0-2 vs. AHMP (o. 15B)<br>0-1 vs. Garsfontein |
| O. 16C | 0-0 vs. AHMP<br>1-0 vs. Garsfontein |
| O. 18B | 0-1 vs. AHMP<br>4-0 vs. Waterkloof (derdes) |
| O. 18C | 1-0 vs. Zwartkop<br>2-0 vs. Midstream |
| O. 18D | 0-0 vs. Waterkloof<br>1-0 vs. Eldoraigne (derdes) |














# SPOG

## Parkie-prestasies oor die spektrum

Die Insig berig vandeesweek oor 'n allegaartjie van buitekurrikulêre prestasies.

| Naam | Aktiwiteit | Prestasie |
|---|---|---|
| • Anabelle Mcintyre | Musiekteorie: Gr. 1 | 97% (UNISA). |
| • Láne Fouche | Lewensredding | Verwerf Noordwes-kleure. |
| • Fernando Smit | Karate | Verwerf Gauteng-kleure en kwalifiseer vir SA's. |
| • Stephan Botha | Perdry | Voltooi die Clarawi-uithourit wat oor 80 km strek. |
| • Leah de Witt | Perdry | Voltooi die Clarawi-uithourit (80 km) en wen haar klas. |
| • Zaine Niemand | Swem | Gekies om Suid-Afrika by die Africa Aquatics Junior Swimming Championships in Kaïro (100 m- en 200 m-borsslag) te verteenwoordig. |



# MARKPLEIN












## Borgskappe

### Navrae

mehan.devries@menlopark.co.za